basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**ELKEEN VERTEL 'N STORIE**
**– Elsabe Pepler**

1 <u>In 2015 het ek op Facebook oor die Storieklub van Kaapstad gestruikel</u>. Ek het die Facebook-inskrywing opgevolg met 'n besoek aan hierdie Storieklub in 'n kerkie in Distrik Ses. Die kerkie was volgepak. Ek het toe besef mense hou van stories, veral wanneer dit deur 'n goeie storieverteller oorgedra word.

2 In my latere navorsing oor stories het Jonathan Gottschall se verwysing na die mens as 'die storievertellende dier' in sy trefferboek, *The Storytelling Animal: how stories make us human,* my getref. Met verbale en nieverbale kommunikasie en metafore vertel ons, volgens Gottschall, elke dag vir mekaar wat ons voel en dink, hoe die lewe ons raak en hoe uitdagings ons karnuffel. Stories is die enigste manier hoe ons sin kan maak oor ons eie vrae oor waarom ons hier is, waar ons vandaan kom en waarheen ons gaan. Sy brein-op-fiksie-navorsing bewys mense se emosie sneller die brein- en liggaamsreaksies wanneer hulle na stories luister of na films kyk.

3 Baie van ons dink wanneer die storievertellende dier sterf, is die besittings wat hy/sy agterlaat, belangrik. Dit is nié. Die vraag is eerder: Wat was sy/haar stórie?

4 Die storieverteller werk met hierdie rou materiaal – *prima materie* – van die mens se geskiedenis: sy menslike belewenis, kultuur, gebeure, gevoelens, lewenslesse en avonture. Stories word oor geslagte heen oorvertel, hetsy deur kampvuurstories oor jagters, films, feëverhale, dierefabels, slaaptyd-, skinderstories of oorloggeskiedenis.

5 Die invloed van stories is belangrik. In stories kry ons oplossings vir probleme; in ander genesing en groter begrip vir onsself wanneer ons anders kyk na die storie van ons eie lewe. Die beste is: dit bevry die verteller én die luisteraar – veral wanneer die stories persoonlik en waar is.

6 'n Verdere waarde is 'n direkte verband tussen taalontwikkeling en die mondelinge storievertelling. In baie kulture is dit die enigste wyse waarop taal aan kinders oorgedra word. Deur voortdurend te luister na die ouers se tongval en woordeskat, ontwikkel die jong geslag se taalkennis.

7 'n Verstommende onlangse ontdekking oor Westerse stories is dat honderde bekende stories vertel is vóórdat Engels of Frans bestaan het, en dat die stories wat mense vandag nog ken, waarskynlik in 'n uitgestorwe taal op rekord geplaas is. Daar word bespiegel dat stories 27 000 jaar gelede die enigste leermedium in baie lande was.

8 Stories en storievertelling is dus niks nuuts nie. Hoekom is daar steeds 'n behoefte aan formele storievertelling soos in Distrik Ses? Gilly Southwood het die antwoord. Sy het 'n storieverteller geword omdat stories die een algemene band is wat alle mense, ongeag kultuur, ouderdom, intelligensie, ras en geslag of klas saambind.

9 Sy glo soos, onder andere, die Afrikane van ouds dat dit 'n kuns is waarin jy opgelei moet word. Sy het hulp gesoek en Doug Lipman raak gegoogle. Hy het haar by die Internasionale Skool vir Storievertel in die kuns van storievertel opgelei. Daar het sy die Brit, Sue Hollingsworth, 'n internasionale storiekundige, wat jaarliks 'n intensiewe storiekursus aanbied, ontmoet. 'Sue se kursus het storievertel skielik in my brein van 2D na 3D verander,' sê Gilly.

10 Storievertel dwing die luisteraar om sy/haar eie visuele konteks te skep. Gottschall se brein-op-fiksie-navorsing toon juis dat ons neurons spesifieke sinapse afvuur wanneer ons met Heidi se avonture, Harry Potter se vrese of die skrik vir Antjie Somers gekonfronteer word.

11 Hollingworth beklemtoon dat stories nooit enige reëls aan mense moet opdwing nie, maar eerder ruimte moet gee vir kreatiwiteit, verbeelding en veral emosies soos deernis. Deur stories maak een geslag 'n volgende ook touwys in lewenslesse, waardes en karakterontwikkeling. Sy sê sekere stories is moeiliker as ander om te vertel, veral persoonlike stories wat 'n mens kwesbaar laat, maar dis juis in hierdie kwesbaarheid dat ander mense déúr jou storie vrede met hul eie stories maak.

12 In Suid-Afrika is die vertel van persoonlike stories 'n bekende gebruik. Voor die koms van televisie en die Internet het vorige geslagte hul tyd deurgebring deur hulle eie stories, heldedade, slaaptyd- en kampvuurstories te vertel. Vandag se stories, in boek- of digitale formaat, verskil nie hiervan nie.

13 Ten spyte van al die tegnologiese ontwikkeling is daar steeds talle 'ongeletterde' mense. Wêreldwyd is storievertel een van die heel oudste gedokumenteerde wetenskappe en opvoedingsmetodes waarmee ongeletterde mense opgevoed word. Die taak van storievertelling is 'n formele een waarvoor 'n mens oor tyd as storieverteller moet kwalifiseer. Jy moet vaardighede aanleer en gereeld toetse ondergaan.

14 Of jy 'n opgeleide storieverteller is, of net doodgewoon van stories hou, kom ons vertel stories! Elke mens het, na alles, 'n storie. Dit is waarom daar 'n Storieklub in Distrik Ses bestaan!

[Verwerk uit *Taalgenoot*, Herfs 2016]

**TEKS B: VISUELE TEKS**

1 **Klein-Karoo se kind**

2 **ONVERTELDE**

3 **askoek • skuinskoek**

4 **saam te bly • saam kind te kry • lyk mos mode vir my • maar**
5 **vir my gaan jy nie kry • Bokkie, jy kan maar rol soos 'n bol,**
6 **maar na my toe sal jy weer kom hol.**

7 **STORIES VAN**

8 **Ribstuk Sy't mos weggeraak ... my net daar gelos, daar**
9 **by die kwarriebos.**
10 **As jy my trap en skop, wie sal vir jou lap en stop?**

11 **AFRIKAANS**

12 **Die hond het my beskyt van die tafel afgesmyt.**

**Ilse Salzwedel**

[Bron: www.maroelamedia.co.za]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Wat bedoel die skrywer met die onderstreepte sin in paragraaf 1, met spesifieke verwysing na 'gestruikel'? (1)

1.2 Op watter wyses kommunikeer die 'storievertellende dier' stories? (3)

1.3 Wat impliseer die skrywer met die woord 'karnuffel' in paragraaf 2? (1)

1.4 Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 neer wat presies dieselfde beteken as 'menslike belewenis, kultuur, gebeure, gevoelens, lewenslesse en avonture'. (1)

1.5 Storievertelling en die inhoud van stories is nie altyd positief nie.

Gee TWEE bewyse uit paragraaf 4 vir hierdie stelling. (2)

1.6 Op watter DRIE maniere het kinders in die verlede taal aangeleer? Dink jy vandag se kinders leer taal op dieselfde manier aan? Motiveer jou antwoord binne konteks. (4)

1.7 Wat het Gilly Southwood gemotiveer om 'n storieverteller te word? Hoe sluit haar standpunt oor die kuns van storievertelling by dié van die Afrikane aan? (2)

1.8 Herlees paragraaf 4 en 8.

Wat is die TWEE ooreenkomste tussen vandag se stories en die stories van 'n eeu gelede? (2)

1.9 Wat beteken die onderstreepte woorde in paragraaf 9 binne konteks van die teks? (1)

1.10 Daar word beweer dat mense voordeel uit stories trek.

Noem TWEE voordele uit paragraaf 8–10 wat stories bied. (2)

1.11 In paragraaf 11 word uitgebrei op die invloed van stories waarna in paragraaf 5 verwys word.

Motiveer hierdie stelling met DRIE redes. (3)

1.12 Waaraan skryf jy die bestaan van 'n storieklub in Distrik Ses toe? (2)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter tegniek gebruik die uitgewer op die boekomslag om die leser se aandag te trek? (1)

1.14 Dink jy die woordgebruik in reël 8–9 oorreed die leser om hierdie boek se stories te lees? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN TEKS B**

1.15 Lees reël 5–9 van TEKS B en paragraaf 3 van TEKS A.

By watter DRIE aspekte van 'prima materie' sluit hierdie reëls op die boekomslag aan? (3)

1.16 Ondersteun die titel van TEKS A die inhoud van reël 1, 2, 7 en 11 in TEKS B? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die **SEWE keuses wat ons in belang van die planeet moet maak**.

**LET WEL:**

- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

### LEEF 'N GROENER LEWE TER WILLE VAN ONS PLANEET

*Om die planeet te red moet ons groener leef. Dit behels dikwels om eenvoudiger te leef, versigtiger te kies en gemaksug prys te gee.* ***Corné Coetzee*** *het ondersoek ingestel.*

Ter wille van die planeet en ter wille van ons kinders en hul kinders moet ons 'n bietjie meer dink oor die keuses wat ons maak. Voordat jy iets koop – 'n nuwe yskas aanskaf, of selfs kitskos eet – dink vooruit wat die uitwerking van jou koop op ons planeet gaan wees ... en kies dan om in belang van die aarde te koop.

Wanneer jy jou volgende vakansie beplan, vind uit watter vakansieoorde ingestel is op natuurbewaring en kies jou vakansie eerder by sulke plekke. Beperk die negatiewe gevolge van duur, gerieflike motors se uitlaatgasse deur werk toe te stap. Is gemaksug dan nie 'n red-die-aarde-leefstyl se doodsteek nie?

Waterbesparing lyk dikwels onnodig, maar dit is die regte keuse ter wille van ons sterwende planeet. Deesdae word onder andere waterdigte tydhouers vir die stort geïnstalleer wat suurstof by die water klits sodat jy minder water gebruik.

Om ter wille van die aarde groener te leef, impliseer dat jy doelbewus moet kies om bio-afbreekbare skoonmaakmiddels te koop. Koeksoda, boraks, wassoda, wit asyn of suurlemoensap en suiwer seep kan die basis vorm van byna alles wat in die huis skoongemaak moet word – boonop is almal bio-afbreekbaar.

Aardverwarming, chaotiese weerpatrone, droogtes of oorstromings en 'n groter-wordende gat in die osoonlaag is op almal se lippe. Ons vrees dat inheemse woude as gevolg van ontbossing en die opkoms van industrieë sal verdwyn ... Hierdie situasie kan nog maklik omgekeer word deur inheemse bome te plant! Ongeag van waar jy bly: plant gereeld bome!

Hersirkulering is 'n keuse ten gunste van die aarde. Jy kan, byvoorbeeld, 'n eenvoudige herwinningstelsel ontwerp: plaas vyf houers in of naby die kombuis. Gebruik een vir afvalkos, een vir plastiek, een vir blikke, een vir skoon papier of kartonverpakking en jou gewone vullisdrom vir bottels. Sonder veel moeite word jou gemors óf verkoop vir hergebruik, óf verwerk in nuwe artikels. Deur hierdie eenvoudige proses van hersirkulering help jy ons planeet.

Ter wille van ons planeet, ons kinders en hulle kinders móét ons groen keuses maak!

[Bron: http://showme.co.za/lifestyle/20-wenke-vir-n-eenvoudiger-groener-lewe]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIES

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Bron: www.kruiners.co.za/advertensie-edublox]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Vervang die skryfteken in reël 2 met 'n gepaste woord. | (1) |
| 3.2 | Skryf 'n frase uit reël 3–4 waarmee die adverteerder die leser wil oorreed. | (1) |
| 3.3 | Vervang die beletselteken/ellips in reël 4 met 'n gepaste voegwoord. | (1) |
| 3.4 | Gebruik die onvoltooide/teenwoordige deelwoord van 'sukkel' in jou eie sin. | (1) |
| 3.5 | Verbeter die spelfout in die vetgedrukte woord in reël 8 deur die woord korrek neer te skryf. | (1) |
| 3.6 | Skryf die gesegde in reël 9–11 neer. | (1) |
| 3.7 | Waarom is die konnotatiewe gebruik van 'sleutel' in reël 9 gepas? | (1) |
| 3.8 | Dink jy die gebruik van boeke en die woorde 'Lees, Leer en Presteer' is in hierdie advertensie gepas? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 3.9 | Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 13 in 'n verklarende sin. | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Bron: www.netwerk24.com]

4.1 Gebruik 'skool' in SPRAAKBORREL 1 in 'n ander betekenisverband in 'n sin van jou eie. (1)

4.2 Herskryf die onderstreepte woorde in SPRAAKBORREL 1 in die ontkennende vorm. (1)

4.3 Wat is die funksie van die beletselteken in SPRAAKBORREL 2? (1)


4.4 Skryf die bywoordelike bepaling van wyse in SPRAAKBORREL 2 neer. (1)

4.5 Brei die onderwerp in SPRAAKBORREL 1 met 'n byvoeglike bepaling uit. (1)

**EN**

**TEKS F**

**GROEIPYNE**




[Bron: http://www.netwerk24.com]

4.6 Wat impliseer die seuntjie met sy woorde in RAAMPIE 2? (1)

4.7 Op watter wyse sluit die pa se woorde in RAAMPIE 3 by die seuntjie se opmerking in RAAMPIE 2 aan? (1)

4.8 Is die vooroordeel van die seuntjie in RAAMPIE 5 geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Gebruik 'het' in RAAMPIE 6 as 'n oorganklike werkwoord in 'n sin van jou eie. (1)

4.10 Wat is die doel met die ma se antwoord in RAAMPIE 6? (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

**GOEIE INHOUD IS DIE ANTWOORD**

1 Die bekroonde kosblogger Sam Linsell word beskou as een van <u>die</u> invloedrykste Suid-Afrikaanse kosskrywers in die digitale sfeer.

2 Sy het 90 999 volgelinge op Instagram, Twitter, Facebook en Pinterest en 'n bykomende 162 000 op Tumblr. Sy lewer ook twee blogs per week, (5.2) ... gelang van haar ander werk.

3 Nege jaar gelede het sy besluit die korporatiewe wêreld is vir die voëls. Sy het haar huis in Johannesburg verkoop, 'n <u>goeie</u> pos as handelsmerk-bemarker vaarwel geroep en Kaap toe getrek. Sy wou vir haarself werk en meer kreatief wees.

4 Sedertdien span sy as <u>stilis</u>, kosskrywer en -fotograaf haar kosblog in vir onder meer bemarking. En sy is nog nie een dag spyt oor haar besluit nie.

5 'Baie min mense kan nét uit hul blog geld maak. Maar dis deur jou blog wat mense bewus word van jou vaardighede en vir jou werk aanbied.' Sy werk in die gedrukte, digitale en filmmedia.

6 Sam kry baie <u>inter</u>nasionale werksopdragte en het al vir vier publikasies in Amerika en Australië, asook verskeie Suid-Afrikaanse publikasies as fotograaf en stilis gewerk.

7 As klein dogtertjie wou Sam 'n soetgebaksjef wees. Op 'n stoeltjie langs haar ma het sy (gedagte): '<u>Ek is gek na eet</u>. Enigiets van 'n goeie hamburger, Italiaanse kos en vanieljesponskoek tot 'n varsgebakte Franse baguette met botter en 'n wig cheddarkaas.'

[Verwerk: *Sarie*, November 2016]

5.1 Verander die onderstreepte lidwoord in paragraaf 1 na 'n aanwysende voornaamwoord. (1)

5.2 Voltooi die vaste uitdrukking in paragraaf 2 deur die ontbrekende voorsetsel in te vul. (1)

5.3 Gee die vergrotende trap van vergelyking vir die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.4 Gebruik die afgeleide werkwoord van 'stilis' in paragraaf 4 in 'n sin van jou eie. (1)

5.5 Skryf die leenwoord in paragraaf 5 neer. (1)

Kopiereg voorbehou

5.6 Wat is die betekenis van die onderstreepte voorvoegsel in paragraaf 6? (1)

5.7 Waarom is die gebruik van die woorde, 'klein dogtertjie', in paragraaf 7 effektief? (1)

5.8 Lei die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 7 af deur 'n metamorfeem/klinkerwisseling te gebruik. (1)

5.9 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 7 deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. (1)

5.10 Brei die laaste sin van hierdie artikel tot 'n volsin uit. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Die skrywer het per ongeluk op die betrokke Facebook-blad afgekom./toevallig die inligting raakgesien. √ | 1 |
| 1.2 | Verbale/mondelinge kommunikasie √<br>Nieverbale kommunikasie √<br>Metafore √ | 3 |
| 1.3 | Uitdagings word nie positief ervaar nie./<br>Uitdagings maak die lewe moeilik/onaangenaam.<br>Uitdagings maak ons seer./gee ons opdraande. √ | 1 |
| 1.4 | 'Prima materie'/'rou materiaal' √ | 1 |
| 1.5 | Skinderstories word vertel (versprei)./<br>Oorlogsgeskiedenis wat nie altyd positief is nie word vertel./<br>Stories word soms met verkeerde feite/onwaarhede oorgedra./<br>Stories (bv. films/feëverhale) handel dikwels oor negatiewe aspekte. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.6 | Hulle het na stories geluister. √<br>Hulle het na hulle ouers se tongval geluister. √<br>Hulle het na hulle ouers se woordeskat geluister. √<br><br>Ja<br>Taalontwikkeling vind plaas wanneer kinders na ouers/volwassenes luister.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ouers vertel nie meer stories aan hulle kinders nie./het nie meer tyd om vir kinders stories te vertel nie./Kinders lees self. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Stories het 'n saambindende krag./is die algemene band wat mense saambind. √<br><br>Southwood en die Afrikane/Albei glo in opleiding vir storievertellers/dat storievertelling ’n kunsvorm is. √ | 1<br><br>1 |
| 1.8 | Die storieverteller werk steeds met die prima materie./die menslike belewenis./ kultuur./gebeure./gevoelens./lewenslesse./geskiedenis. √<br>Stories word steeds aan ander oorvertel. √ | 1<br>1 |
| 1.9 | Sy kon skielik die stories duidelik voor haar sien afspeel./<br>Die stories het skielik lewend/werklik geraak./<br>Die stories het meer betekenis/diepte/'n ekstra dimensie gekry. √ | 1 |
| 1.10 | Dit bind mense (ongeag hulle kultuur/ouderdom/intelligensie/ras/geslag/klas) saam. √<br>Dit bied aan mense 'n 3D-voorstelling./Mense kan hulle die gebeure makliker visueel voorstel./Dit dwing die luisteraar om eie visuele konteks te skep./Stories kan as ’n kunsvorm beskou word. √ | 1<br><br>1 |
| 1.11 | Paragraaf 11 dui aan dat stories mense touwys maak ten opsigte van lewenslesse. √<br>Volgens paragraaf 11 gee stories ruimte vir deernis/begrip vir ander mense. √<br>Na aanleiding van paragraaf 11 is dit duidelik dat jy, deur stories, vrede in jou (uitdagende) situasies kan vind. √<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die invloed waarna in paragraaf 5 verwys word (oplossings vir probleme; genesing; groter begrip vir onsself; bevry die verteller en die luisteraar) moet in die antwoord wat aangebied word, op paragraaf 11 van toepassing gemaak word.* | 3 |
| 1.12 | Elke mens het 'n storie./<br>Mense hou van stories./<br>Dis ’n plek waar stories vertel kan word. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.13 | Verskillende lettertipes<br>Titel is groter geskryf (as die verduideliking van die inhoud).<br>Die uitleg is interessant/anders/in 'n informele register gedoen./<br>Uittreksels uit die stories/(volks-)liedjies wat in die boek verskyn./<br>Kort, kernagtige inligting./<br>Rym √ | 1 |
| 1.14 | Ja<br>Die woordgebruik/woorde soos 'ribstuk'/'kwarriebos' prikkel die leser se nuuskierigheid wat oorredend kan wees. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie almal sal aanklank vind by die tipe taalgebruik nie.<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Die menslike belewenis/kultuur/gebeure/gevoelens. √√√<br><br>*Die kandidaat kan ook belewenis en kultuur in die antwoord omskryf, bv.*<br>*Die (onvertelde) stories van Afrikaans wat in boekvorm vertel word./*<br>*Stories oor die geskiedenis van woorde/die Klein-Karoo se kind word vertel.*<br>*Die kandidaat noem enige DRIE vir EEN punt elk.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Ja<br>Die titel, *Elkeen het 'n storie*, word bevestig wanneer selfs die Klein-Karoo se kind 'n onvertelde storie vertel./<br>Die *Klein-Karoo se kind* het ook 'n storie wat bewys dat elkeen/alle mense wel 'n storie het.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is baie ander gemeenskappe met/sonder stories wat nie hier vermeld word nie./<br>Klein-Karoo se kind kan die onderwerp/titel van 'n storie wees./<br>Die titel in TEKS A is "Elkeen vertel 'n storie" terwyl TEKS B die woorde "onvertelde stories" noem.<br>Die onbekende woorde is verwarrend waarvan die betekenis nie verstaan word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan vir EEN punt.* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs stadiums wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**
- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.

- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste stadiums bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

- Die kandidaat bied sewe van die keuses in sy/haar antwoord aan. Sien egter die hele opsomming na en nie die eerste sewe keuses wat aangebied word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

As ns die planeet wil red, moet ons groener leef. Kies jou aankope so dat die planeet nie daardeur skade ly nie. Jou volgende vakansiebestemming behoort op grand van sy betrokkenheid by natuurbewaring gekies te word. Ry minder met voertuie - stap is 'n goeie keuse. Beraam allerhande planne om water te bespaar. Dis 'n slim keuse om bioafbreekbare middels te koop. Kies ook om die aarde te help deur inheemse bome aan te plant. Om gemors en afval te hersirkuleer is boonop 'n keuse in belang van die aarde.

**Getal woorde: 79**

**OF**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Om die planeet te red,* ***moet ons groener leef.*** | A | Jy moet kies om groen te leef. |
| 2 | *... dink vooruit wat die uitwerking van jou koop op ons planeet gaan wees ... en* ***kies dan om in belang van die aarde te koop****.* | B | Kies jou aankope so dat die planeet nie daardeur skade ly nie |
| 3 | *... kies jou* ***vakansie eerder by ... vakansieoorde (wat) ingestel is op natuurbewaring****.* | C | Kies jou volgende vakansie-bestemming op grond van sy betrokkenheid by natuurbewaring. |
| 4 | *deur werk* ***toe te stap****.* | D | Ry minder met voertuie - stap is 'n goeie keuse. |
| 5 | ***Waterbesparing*** *lyk dikwels onnodig, maar* ***is die regte keuse*** *ter wille van ... aarde.* | E | Beraam allerhande planne om water te bespaar. |
| 6 | *... dat jy doelbewus kies om* ***bio-afbreekbare skoonmaakmidde/s te koop****.* | F | Dis 'n slim keuse om bioafbreekbare middels te koop. |
| 7 | *...* ***inheemse bome te plant!*** *Ongeag van waar jy bly: plant gereeld bome!* | G | Kies om die aarde te help deur inheemse bome aan te plant. |
| 8 | ***Hersirkulering*** *is 'n keuse ten gunste van die aarde.* | H | Om gemors en afval te hersirkuleer is 'n keuse in belang van die aarde. |
| | | | **Getal woorde: 79** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | -kliniek/kliniek √ | 1 |
| 3.2 | (wat hulle) volle potensiaal (wil) bereik/<br>leerders wat sukkel √ | 1 |
| 3.3 | of/en/asook √ | 1 |
| 3.4 | Die sukkelende leerling benut die geleentheid om nuwe vaardighede te ontwikkel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met 'sukkelende' aan vir EEN punt.*<br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 3.5 | onthouvermoë √ | 1 |
| 3.6 | bied √ | 1 |
| 3.7 | (Edublox) beklemtoon met die woord 'sleutel' dat hulle prestasie/leer ontsluit./oopsluit./ Die woord 'sleutel' dui aan dat sukses vir jou oopgaan met behulp van beter lees- en leervermoëns. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan, maar 'oopsluit'/ 'ontsluit'/'moontlik maak' is die kernbegrip.* | 1 |
| 3.8 | Ja<br>Boeke is die sleutel tot verbeterde <u>leesvermoë</u>./is noodsaaklik vir die verbetering van <u>lees</u>./'n Mens <u>lees</u> gewoonlik uit boeke. √<br>*<u>Leer</u>*/*<u>Presteer</u>* dui op die progressie wat plaasvind as gevolg van *Lees*./Die woord *Presteer* is die gevolg van *Lees en Leer*. √<br><br>**OF**<br><br>Boeke is die sleutel as jy jou <u>leesvermoë</u>, √ <u>leer</u>/<u>prestasie</u> wil verbeter. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | Die pad loop oor die kruin van die berg./<br>Hy/Sy kry hierdie erkenning terwyl hy/sy op die kruin van sy/haar beroep is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met 'kruin' aan vir EEN punt.* | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die skool word geverf./het die kinders gestraf./begin om 8:00./het lekker basaar gehou./visse het so pas hierlangs geswem. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord met 'skool' in 'n ander betekenisverband vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.2 | Kry jy nie meer enige oefening by die skool nie?/<br>Kry jy nie oefening by die skool nie?/<br>Kry jy geen oefening by die skool nie? √<br><br>*Die vraagteken moet in die sin voorkom om die punt te verdien.* | 1 |
| 4.3 | Dui die seun se aarseling/huiwering aan./Dui onsekerheid aan./aan dat die seun na 'n slim antwoord soek./<br>Dit beklemtoon die ironie wat volg. √ | 1 |
| 4.4 | 'vinnig' √ | 1 |
| 4.5 | My arme kind!/<br>Kry jy met die lekker magie nog enige oefening by die skool? √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | Hy verstaan nie al die veranderinge nie./<br>Hy voel onseker/verward oor die verwikkelinge./<br>Niks maak meer vir hom sin nie. √ | 1 |
| 4.7 | Pa gee die rede vir sy opmerking./onsekerheid./verwarring./onbegrip./verduidelik waarom die seun so voel. √ | 1 |
| 4.8 | Nee<br>Daar is niks wat seuns beter/vinniger/sterker as meisies kan doen nie./<br>Deesdae is geslagsgelykheid aan die orde van die dag.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Dit is eenvoudig so dat seuns se arms sterker is as die meeste meisies s'n./balle beter/sterker as meisies kan gooi./<br>Seuns speel eerder balspeletjies as meisies. √ | 1 |
| 4.9 | Ek het mos twee hande./tien tone./goeie oë./'n liefdevolle ma en pa. √ | 1 |
| 4.10 | Sy wil die seun se vooroordeel verander./<br>Sy wil hom bewus maak daarvan dat hy verkeerd is oor meisies./<br>Sy wil hom oortuig daarvan dat meisies kan gooi. √ | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | dié √ | 1 |
| 5.2 | na √ | 1 |
| 5.3 | beter √ | 1 |
| 5.4 | Die sjef stileer sy/haar geregte met die oog op foto's. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie geskikte sin met 'stileer' vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5 | blog √ | 1 |
| 5.6 | tussen √ | 1 |
| 5.7 | Dit dui op die ouderdom van die skrywer toe sy oor haar toekoms besluit het./drome wat ’n dogtertjie koester. √ | 1 |
| 5.8 | gedink/gedog √ | 1 |
| 5.9 | Ek wat nou koeksisters bak, is gek na eet./<br>Ek is gek na eet wat ongesond is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin as antwoord aan.* | 1 |
| 5.10 | Enigiets van 'n goeie hamburger, Italiaanse kos en vanieljesponskoek tot 'n vars gebakte Franse baguette met botter en 'n wig cheddarkaas <u>is vir my onweerstaanbaar</u>./<br><u>Ek hou van</u> enigiets van 'n goeie hamburger, Italiaanse kos en vanieljesponskoek tot 'n vars gebakte Franse baguette met botter en 'n wig cheddarkaas. √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou